

SESSIE 2

ONDERWYS

Invloed van armoede op die gehalte van onderrig in ons skole



Dr. Jurie Jacobus Joubert, emeritus Direkteur van die Sentrum vir Multigraad Onderrig [CMGE], Kaapstad

Opsomming:

Een van die belangrikste uitdagings wat arm mense in die gesig staar is die onderwysstelsel. Die probleem sluit in lae toegang tot en behoud van onderwys en hoë vlakke van ongeletterdheid (gewoonlik twee tot drie keer hoër in landelike gebiede as stedelike gebiede). Hierdie uitdagings word vererger deur lae gehalte onderwys en gebrek aan vaardighedsopleiding.

'n Beter begrip van die uiteenlopende behoeftes van landelike en arm skole is nodig. Omdat plattelandse mense dikwels nie 'n sterk politieke stem en leierskap het nie, is die prioriteite vir die toewysing van openbare uitgawes sterk gefokus op die stedelike sektor. Dit veroorsaak dat arm kinders slegs 1 uit 3 kans het om sy laerskoolvlak te kan voltooi.

Die meeste kinders in arm skole het 'n agterstand van meer as twee jaar van kinders van dieselfde ouderdom in ander skole. Gesondheidskwessies soos swak sig en ondervoeding skep ook groot probleme. Arm kinders is 50% meer geneig om 'n jaar te herhaal, geskors te word of om op te hou skoolgaan as kinders wat nie uit arm huisgesinne kom nie. Daar is ook 'n 25% kans dat hulle een of ander leerprobleem sal hê.

In die algemeen word onderwysers nie effektief deur universiteite opgelei nie [veral om met arm en sukkelende leerders te werk] en selfs die navorsing wat deur die instansies gedoen word is gebaseer op sinlose pryktyke as korrek te bewys eerder dat dit gefokus is om

onderrig te verbeter. Klem word geplaas op die verwerwing van kwalifikasies eerder dat studente effektief geleer moet word om effektief te kan skoolhou.

Swak akademiese vertonings is verder die resultaat van die bekende "onderwysmetodiek" om op grond van 'n vasgestelde "spyskaart:" lae-vlak, vervelige – indien nie doodgewoon swak onderrig te volg wat stringe sinlose opdragte soos "invul", "voltooi", ens. bevat.

Om die probleme effektief en deurlopend uit die weg te ruim, is rekonstruktiewe onderrig nodig. So 'n program moet gebou word vanuit 'n sterk en deeglike kognitiewe agtergrond. Daar is voldoende empiriese bewyse dat die tradisioneel onderwysgesentreerde stelsel in skole drasties verbeter kan word deur 'n leerdergesentreerde model te implementeer. Omvattende navorsing staaf dat Escuela Nueva in Colombia en die RIVER-projek in Indië twee voorbeelde is van sodanige stelsels wat reeds vir jare suksesvol geïmplementeer word.

Kort CV:

Afgetrede Direkteur van die Sentrum Vir MG Onderrig [CMGE]. Tussen 2009 en 2014 het ek as die Direkteur van die Sentrum vir Multigraad Onderrig 'n suksesvolle projek van R25 miljoen bedryf. Op akademiese gebied was ek deurlopend in leierskapposisies.

Ek het suksesvol as studieleier opgetree vir 10 Doktorsgraadstudente, en 20 Meestestergraadstudente aan CPUT. Ek het ook vir SARVU en Boland Rugbyunie op uitvoerende vlak verteenwoordig en was die Spanbestuurder van die SA O/20 rugbyspan tussen 1999 - 2004 [Jong Bokkies]

Ek het 'n wye kennisveld maar het 'n baie spesiale belangstelling in: veelvlakkige onderrig /Kurrikulumontwikkeling / effektiewe onderrig van Geskiedenis/Tutor – en Mentorskap / Skepping van 'n leerkultuur/ en Ouerbetrokkenheid. Het wyd navorsing gedoen oor Andrew Murray en is betrokke by talle navorsingsprojekte binne Suid-Afrika maar ook in die res van die wêreld. Ek het wyd gepubliseer in akademiese tydskrifte, handboeke en in die media- veral oor Geskiedenisonderrig en veelvlakkigeonderrig.

Het baie internasionale konferensies bygewoon en referate gelewer. Het talle studiereise onderneem – Indië, Columbia, Chili, Argentina, Siri Lanka, Botswana, Kenya, Ghana, Nigerië, Namibië, Lesotho, Zambië, Zimbabwe, England, China, Nederland, Belgium, Scotland, Ireland en Duitsland .

Ek is tans nog besig met verskeie projekte in arm skole.

Oop onderwys: brug vir hulpbron- en epistemologiese armoede op universiteitsvlak



Prof. Jako Olivier, Fakulteit Opvoedkunde,
Noordwes-Universiteit

Opsomming:

Die konsep van armoede in die universiteitskonteks het benewens formele toegang verdere simptome en dit sluit die toename in die behoefte aan die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS) asook swak akademiese prestasie en die samelopende stygende uitvalsifers in. In hierdie referaat word die moontlikhede wat oop onderwys en spesifiek oop opvoedkundige hulpbronne bied binne hierdie konteks en spesifiek vir die Afrikaanse konteks ondersoek. Die navorsingsvraag wat aanleiding gee tot hierdie navorsing is soos volg: Watter voordele hou oop onderwys in vir hulpbron- en epistemologiese armoede op universiteitsvlak?

Die konsep van oop onderwys hou verband met 'n groter mate van buigsaamheid in die manier hoe iets soos 'n universiteit kan funksioneer. Met die toenemende belangstelling in oop opvoedkundige hulpbronne wêreldwyd sowel as die sogenaamde ontbondeling van die universiteit, is kwessies rondom die pasmaak van die kurrikulum en die kostes verbonde aan onderwys baie relevant. Oop onderwys veronderstel die gebruik van hulpbronne wat met oop lisensies gedeel kan word. Oop opvoedkundige hulpbronne bied 'n verdere voordeel aangesien dit, anders as kommersiële hulpbronne soos tradisionele handboeke, nie vir bepaalde kontekste gelokaliseer en pasgemaak kan word nie.

In hierdie referaat is daar van kwalitatiewe metodes gebruik gemaak om 'n geheelbeeld van oop onderwys in Suid-Afrika te gee, waarna die voordele wat hierdie benadering inhou hulpbron- en epistemologiese armoede op universiteitsvlak uit die literatuur en onlangse empiriese werk voorgehou word. Op finansiële en onderwyskundige gebiede hou oop onderwys definitiewe voordele vir die universiteitsektor in en veral ook vir die voortbestaan van hulpbronne in Afrikaans. Ten spyte van enkele inisiatiewe in die hoëronderwyssektor wat

oop onderwys ondersteun, word dit nog nie algemeen aanvaar nie en is die lokaliseringswaarde van oop opvoedkundige hulpbronne in Afrikaans en ander plaaslike tale onderontgin. Ten slotte word voorstelle gemaak ten opsigte van die praktykmaak van oop onderwys in die Suid-Afrikaanse konteks ten einde hulpbron- en epistemologiese armoede te oorbrug.

Kort CV

J.A.K. (Jako) Olivier beklee die UNESCO-leerstoel oor multimodale leer en oop opvoedkundige hulpbronne en is 'n professor in multimodale leer in die Skool vir Professionele Studies in Onderwys, Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU), Mahikeng.

Hy het sy PhD in 2011 aan die NWU verwerf, waar hy die akkommodering en bevordering van meertaligheid in skole deur middel van vervlegte en e-leer nagevors het. Hy het ook aan die voormalige PU vir CHO 'n BA, BA Honneurs (cum laude), Nagraadse Onderwysertifikaat en MA (cum laude) voltooi. Voordat hy in 2010 as dosent by die NWU aangesluit het, was hy betrokke by die onderrig van inligtingstechnologie en tale by skole in die Verenigde Koninkryk en in Suid-Afrika. Hy was van 2010 tot 2015 aan die Skool vir Tale, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die NWU verbonde as dosent in Afrikaanse taalkunde, waarna hy na die Fakulteit Opvoedkunde geskuif het as medeprofessor in Afrikaans vir Onderwys. Hy is in 2018 tot professor in multimodale leer bevorder.

In 2018 het hy Onderwysvereniging van Suid-Afrika se medalje as Opkomende Navorsers ontvang. Hy het tans 'n Y-gradering van die Nasionale Navorsingstigting en het reeds verskeie artikels in geakkrediteerde tydskrifte en boekhoofstukke gepubliseer. Sy navorsingsbelangstellings, wat binne die NWU se Navorsingseenheid vir Selfgerigte Leer gedoen word, sluit selfgerigte leer, multimodale vervlegte leer, oop opvoedkundige hulpbronne, metageletterdheid, e-leer in die taalklaskamer, taalbeplanning en meertaligheid in die onderwys in.

Is swak onderwys 'n ekonomiese strik vir armes? 'n Ekonomiese perspektief



Prof. Servaas van der Berg,
Departement Ekonomie, Universiteit van Stellenbosch

Opsomming:

Armoede, skoolgehalte en ras is nou verweef in Suid-Afrika. Armoede het 'n sterk rassedimensie, maar onderliggend daaraan is verskille in onderwys 'n belangrike bron van ongelijkheid en armoede. Daarom is onderwys so belangrik om ongelikhede, armoede en rassspanning te verminder.

Die SA onderwysstelsel is beide dualisties. Leerlinge uit die beter funksionerende deel van ons skoolstelsel – hoofsaaklik histories blanke skole en privaatskole – het tot onlangs byna outomaties toegang tot beter werkgeleenthede kon kry. Netso moes leerlinge uit die swakker funksionerende deel van ons skoolstelsel hulle tot onlangs meestal versoen met laag-besoldigde, relatief ongeskoolde werk, of werkloosheid. Dit hou die gevaar in waarop ons 'n dekade gelede gewys het (Van der Berg et al. 2011), dat swak onderwys 'n ekonomiese strik is wat armes se opwaartse mobiliteit beperk. Dan sou 'n sterk klassestelsel eenvoudig die ras-gebaseerde apartheidbestel vervang. Ras sou dan steeds 'n groot rol speel, met bykans alle blankes met 'n nuwe swart en bruin elite in die binnegroep saam. So 'n bestel sou noodwendig onstabieleit aanwakker.

Mense met meer opvoeding verdien baie meer. Hierdie konvekse verwantskap, netsoos die verband tussen indiensneming en jare opvoeding, dui daarop dat opbrengs op opvoeding baie hoog is, veral vir matriek en daarna. Ons hoef nie ver vir die rede te soek nie. 'n Beperkte vraag na die oorvloed ongeskoolde arbeid hou ongeskoolde lone relatief laag vergeleke met die lone van die skaars geskooldes, terwyl die beperkte aanbod en sterk vraag na geskooldes tot 'n premie op geskooldeheid lei. Dit staan sentraal in die ongelyke verdeling van inkomste in Suid-Afrika. Verskeie ekonome het getoon dat ongelykheid in looninkomste meer as 80% van ekonomiese ongelykheid tussen huishoudings verklaar (Leibbrandt et al. 2010, Leibbrandt 2012, Van der Berg 2014). Werkloosheid dra natuurlik daartoe by, maar selfs as alle werkloos werk vind, sal dit steeds teen lae lone wees. Meer en beter onderwys en opleiding is

noodsaaklik om die premie op geskooldeheid te verlaag. Dit sal die ooraanbod van laag-geskooldes laat krimp, waardeur hulle lone sou neig om te styg.

Dit is dus noodsaaklik dat die nul-som-spel wat ons tans beleef moet plek maak vir 'n bestel met 'n groeiende middelklas wat in die voordele van moderne ekonomiese groei kan deel. Dit vereis ekonomiese groei. Die omvang en veral die gehalte van ons onderwys demp die ekonomie se vermoë om te groei.

Kognitiewe vaardighede van ons bevolking hang ook serk saam met sosio-ekonomiese verskille. Anders gestel, die onderwys wat die meeste arm mense kry is eenvoudig van onaanvaarbaar lae gehalte – in internasionale toetse is Suid-Afrika se gemiddelde prestasie in Graad 6 omtrent 'n jaar agter dié van kinders uit Eswatini (Swaziland).

As mense arm bly omdat hulle swak opgevoed is, en arm mense se kinders nie toegang tot goeie onderwys kry nie, het ons inderdaad 'n bouse kringloop van swak onderwys en armoede oor geslagte heen. Uit 'n morele oogpunt, maar ook polities gesproke, is dit onhoudbaar nie.

Ons weet dat meer hulpbronne nie altyd beter onderwys waarborg nie. In die afwesigheid van die voorwaardes vir goeie onderwys – goeie bestuur, dissipline, ouerbetrokkenheid, gehalte van onderwysers, en veral die gehalte van die skoolhoof – sou meer geld dalk net meer vermorsing beteken. Dit lei tot belangrike vrae oor hoe om hierdie leemtes in die werking van die skoolstelsel te oorkom. Ek hoop om my referaat af te sluit met 'n oorsig van moontlike intervensies wat onderwysgehalte dalk sou kon verbeter, maar wat almal hulle eie beperkinge het.

Dus kan ek hierdie referaatvoorstel so saamvat:

- Uitkomst in die arbeidsmark (indiensneming en lone) hang van onderwys af
- Mislukking van die skoolstelsel veroorsaak swak groei, beperk opwaartse mobiliteit en bevestig hoë inkomste-ongelykheid
- Groot verskille in onderwysgehalte val saam met klasse- en rasseverdelings, en dis noodsaaklik om dit aan te spreek
- Die belangrikste faktor vir onderwysgehalte is nie hulpbronne nie, maar wat in die klaskamer gebeur.

Kort CV:

Servaas van der Berg is Professor in Ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch en beklee die Nasionale Navorsingstigting se Suid-Afrikaanse Leerstoel in die Ekonomie van Sosiale Beleid. Hy lei die navorsingsgroep Resep (*Research on Socio-Economic Policy*), wat navorsing doen oor 'n wye reeks velde wat te doen het met armoede en ongelykheid, en oor beleid wat gerig is daarop om dit te verminder. Dit sluit onder andere in onderwys, gesondheid, maatskaplike toelaes, die arbeidsmark, en fiskale besteding. Hy lewer beleidsadvies beleid vir verskeie nasionale en provinsiale departemente en doen ook heelwat navorsing in ander lande van Suider-Afrika, met finansiële ondersteuning van instansies soos die Wêreldbank en UNICEF (die Verenigde Nasies se Kinderfonds).

❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op
16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**

